# RESEPSIE VAN 2 MAKKABEëRS 6:18-7:42 IN ‘N MULTI-KULTURELE SUID-AFRIKAANSE PROTESTANTSE GEMEENSKAP

**P.J. Jordaan & J.J. de Bruyn**

Bybelwetenskappe en Antieke Tale
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
E-mail: Pierre.Jordaan@nwu.ac.za

School of Ancient Language and Text Study
North West University
Potchefstroom Campus
E-mail: jacobus.debruyn@gmx.com

(Received 13/09/2013; Revised 23/110/2013)

**ABSTRACT**

A sample investigation into how a multi-cultural Protestant South African community received the martyr texts in 2 Maccabees 6:31-7:42 provided interesting results. Various threats to their Christian faith were identified. A deep spiritual need emerged to make sense of troubling circumstances. In an attempt to address these problems the martyr texts of 2 Maccabees 6:31-7:42 were seen to be suitable. The research in this paper was undertaken without any expectation that we would reach any specific results. The spiritual need among this specific sample of a Protestant community in South Africa shows that it may be the right time for a fresh approach to the corpus of apocryphal books.

## INLEIDING

Die inisiatief vir die skryf van hierdie artikel het begin tydens die bywoning van die Society of Biblical Literature (SBL) se 2011 vergadering in San Francisco. In die sessie *Function of apocryphal and pseudepigraphal writings in early Judaism and early Christian Church* (Die funksie van apokriewe en pseudepigafiese geskrifte in die vroeë Judaïsme en vroeë Christelike Kerk), het Loren L. Johns gesê dat die martelaartekste van 4 Makkabeërs gebruik is as *prestasie-liedere* of *opswepingsliedere* deur vervolgde Anabaptiste tydens die Reformasie. Hiermee het ‘n belangstelling in die moontlike resepsie (ontvangs) van die Makkabeër-boeke begin groei. Die vraag wat ontstaan het, is: Hoe sal ‘n moderne Protestantse wêreld reageer op hierdie tekste? Meer spesifiek, hoe sal Suid-Afrika met sy nuutgevonde demokrasie, multi-kulturele samelewing, en ‘n protestantse kerkomgewing reageer op die martelaarverhale van 2

Makkabeërs 6:18-07:42?[1] Na verwagting sal die teks vir die grootste hoeveelheid persone problematies wees, want Suid-Afrika is hoofsaaklik Protestants, en 2 Makkabeërs is nie deel van die tradisionele Protestantse kanon nie.[2]

Tog bly dit ‘n geldige vraag. Kan die gemeenskap van Suid-Afrika, wat geteister word deur misdaad, korrupsie, geweld en verkragting, voordeel trek uit die narratiewe van 2 Makkabeërs?[3] Met ander woorde, kan ‘n gemeenskap wat hoofsaaklik Protestants is, baat vind by ‘n nie-kanonieke boek?

Die Protestantse Kerke in Suid-Afrika word hoofsaaklik gerig deur drie besondere geloofsbelydenisse. Hierdie geloofsbelydenisse is die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

Artikel 6 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bepaal dat slegs kanonieke boeke gebruik kan word vir prediking tydens eredienste (Kaiser 2004:2). Apokriewe boeke, soos 1 en 2 Makkabeërs, mag slegs gebruik word vir onderig buite eredienste en ook net in so verre dit met die kanonieke boeke ooreenstem. Dit beteken dat alhoewel daar na die apokriewe boeke verwys mag word, hulle nie as gesagvol of dogmaties korrek beskou word nie. Die apokriewe boeke dra dus niks by tot die saligheid van die gelowige nie. In die praktyk het hierdie standpunt rondom die apokriewe egter gelei tot die ekskommunikasie van alle nie-kanonieke literatuur. Tydens prediking, Bybelstudie en preekbundels word daar tradisioneel dus selde, indien ooit, na nie-

[1] In 1994 het Suid-Afrika ‘n demokrasie geword.

[2] Volgens http://en.wikipedia.org/wiki/Protestants_by_country is 73% van Suid-Afrikaners Protestantse Christene. Die persentasies van die Protestante in elke land is geneem uit 'n verskeidenheid van bronne, insluitend die Amerikaanse Staatsdepartement se Internasionale Godsdiensvryheidsverslag 2004. Ander bronne wat gebruik is sluit in Adherents.com, die CIA Factbook, PROLADES, Pew Foundation artikels, en ander. Die bevolkingskattings vir elke land is geneem uit die Amerikaanse Sensus Buro (2005 geskat) en Bevolkingsontwikkeling Verwysingsburo (2011 geskat). Wanneer sendelinge uit Europa kerke geplant het, was dit hoofsaaklik Protestants van aard.

[3] Sien Perry (2013:18-25) en ook ander statistieke: http://victimempowermentsa.wordpress.com/2010/09/14/latest-crime-statistics-south-africa-remains-a-violent-country/; http://www.mediaupdate.co.za/?idstory=21735; http://theskunkpot.com/ index.php/the-silent-war-by-greg-richards/; http://www.southafrica.info/services/rights/antirape-120213.htm; http://reluctantmom.wordpress.com/tag/rape-awareness-campaigns-south-africa/; http://news.bbc.co.uk/2/hi/africa/8107039.stm; http://www.unisa.ac.za/news/index.php/2013/02/south-africa-the-worlds-rape-capital; http://www.iol.co.za/news/crime-courts/up-to-3-600-rapes-in-sa-every-day-1.1466429.

kanonieke literatuur verwys.

Gevolglik was dit 'n dapper besluit om Protestante spesifiek tydens 'n erediens slegs aan nie-kanonieke literatuur bloot te stel en om dan na afloop van die erediens die effek daarvan te toets. Weens verskeie redes is besluit om die navorsing binne die raamwerk van tradisionele rassesegregasie te doen. Die redes vir hierdie besluit het egter niks met Apartheid te doen nie. Die eerste rede is omdat kerke gewoonlik spontaan homogene etniese groepe vorm. Tweedens, was die navorsing gedeeltelik daarop gerig om vas te stel watter probleme elke homogene groep ervaar en in hoe 'n mate elke groep identifiseer met die martelare van 2 Makkabeërs 6:18-7:42.

## BENADERING

### Deursigtigheid

Dit was belangrik om openlik en reguit met elke gemeente te wees oor die voorneme om 'n preek spesifiek vanuit 2 Makkabeërs 6:18-7:42 te lewer. Die navorsers wou geensins enige gemeente verras deur belangrike inligting van hulle te weerhou nie. Almal is vooraf ingelig dat die skriflesing en prediking uit 'n nie-kanonieke boek sou kom. Die navorsers wou hierdeur ook onnodige konflik vermy. Dit was daarom belangrik om by elke kerkraad toestemming te kry vir die projek sonder om enige moontlike navorsingsuitkomste bekend te maak.

### Metode

**Stap een: die skryf van 'n preek**

Die prediking is en sou plaasvind tydens ʼn tradisionele erediens van woordverkondiging. Dit was daarom belangrik om sekere aspekte rondom die formaat van die erediens binne hierdie tradisie in ag te neem. Hierdie aspekte is soos volg:

1. Daar is vanuit die Psalm- en Gesangeboek (Liedboek) gesing.
2. Die Tien Gebooie en een van die algemene Belydenisskrifte is gelees.
3. Skriflesing en gebed het deel gevorm van die erediens. In hierdie geval het die skriflesing plaasgevind vanuit 2 Makkabeërs 6:18-7:42 in plaas van die tradisionele Bybel.
4. Prediking is gewoonlik die belangrikste element van die erediens. Gewoonlik is die doel van prediking om die verlossing in Jesus Christus te verkondig. 2

Makkabeërs 6:18-7:42 is dus hanteer soortgelyk aan hoe prediking vanuit enige Ou-Testementiese teks plaasvind. Tydens die prediking is ‘n historiese oorsig van die teks gegee, waarna die toepassing gevolg het. Gedurende die preek is die volgende aspekte uitgelig:

- Gelowiges moet soos die Makkabeër-martelare aan God getrou bly onder moeilike en uitdagende omstandighede.
- Die metaforiese gebruik van die karakter Antiogus IV Epifanes as ‘n teenstaander van die Christelike geloof in moderne tye. Hy is as ‘n tipe van ‘n antichris voorgehou.
- Die plaasbekleding van Jesus Christus as ‘n Martelaar in ons plek (Williams 2010:85-119).
- Die belofte van God oor lewe na die dood.
- Laastens, ‘n oproep tot die gemeente om geloofshelde te wees soos Jesus Christus en die Makkabeër-martelare.

Enkele oorwegings vir die preek vanuit die grondteks:

- Die Griekse teks van 2 Makkabeërs 6:18-7:42 werk baie met teenstellings (dialektiek). Telkens stel die outeur goeie gedrag teenoor slegte gedrag. So wil hy die die leser oorreed om die goeie na te volg. Die volgende is voorbeelde van hierdie teenstellings:

| **Slegte optrede** | **Hoofstuk en verse** | **Goeie optrede** | **Hoofstuk en verse** |
|---|---|---|---|
| μύσουςβίον<br>Skandelike lewe | 6:19 | εὐκλείας θάνατον<br>Goeie dood | 6:19 |
| ὑποκριθῆναι<br>om voor te gee | 6:21 | ὁδὲ λογισμὸν ἀστεῖον ἀναλαβὼν καὶ ἄξιον τῆς ἡλικίας Hy het uitstekend geredeneer en waardig van sy ouderdom… | 6:23 |
| ἐξελοῦμαι τὴν ἐξ ἀνθρώπων τιμωρίαν<br>ek ontsnap die straf van mense | 6:26 | ἀλλὰ τὰς τοῦ παντοκράτορος χεῖρας οὔτε ζῶν οὔτε ἀποθανὼν ἐκφεύξομαι<br>Maar ek kan nie die hande van die Almagtige of die lewe of die dood | 6:26 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | ontvlug nie" | |
| σὺ μέν ἀλάστωρ ἐκ τοῦ παρόντος ἡμᾶς ζῆνἀπολύεις . Jy, vervloekte, jy maak ons los van ons huidige lewe… | 7:9 | ὁ δὲ τοῦ κόσμου βασιλεὺς ἀποθανόντας ἡμᾶς ὑπὲρ τῶν αὐτοῦ νόμων εἰς αἰώνιον ἀναβίωσιν ζωῆς ἡμᾶς ἀναστήσει … maar die Koning van die aarde sal ons wat vir sy wette gesterf het, opwek tot 'n nuwe lewe. | 7:9 |

- Behalwe die teenstellings is daar in die prediking baie klem gelê op die positiewe invloed van die martelare as ὑπόδειγμα "voorbeeld" (2 Makkabeërs 6:28 en 31) van geloofshelde.

**Stap 2: Die opstel van 'n vraelys[4] met die doel om na die aanhoor van die preek die volgende aspekte te toets (sien bylaag):**

- Kennis oor die Makkabeërboeke en ander apokriewe literatuur.[5]
- Die aanvaarbaarheid van 2 Makkabeërs as moontlike kanonieke literatuur.[6]
- Die toepasbaarheid van 2 Makkabeërs in die daaglikse Christelike lewe.[7]

Al drie hierdie aspekte het gefokus op die resepsie van die nie-kanonieke teks van 2 Makkabeërs 6:18-7:42. Wigte en teenwigte is ingebou in die vraelys.[8] Daar was oop vrae sowel as spesifieke vrae (sien bylaag).[9] Die hele vraelys is vertroulik hanteer en die navorsers sou nie 'n intimiderende teenwoordigheid tydens die invul van die vraelyste hê nie. Lidmate is verder aangemoedig om hulle eerlike opinie te gee veral as hulle sou verskil.

**Stap 3: Die lewering van die preek in drie verskillende homogene gemeentes**

---

4 Ons wil hiermee ons dank uitspreek teenoor kundiges aan die NWU, Potchefstroom kampus, wat ons behulpsaam was met die opstel van hierdie vraelys.

5 Vraag 2, 5 en 15

6 Vraag 4, 6 en 14.

7 Vraag 1, 7, 8 en 9.

8 Vrae 1, 4, 6, 7, 8, 9, 12, 13 en 14 het die moontlikheid ingehou om mekaar uit te kanselleer indien die respondent nie sou let op wat gevra word nie. Op hierdie wyse is gepoog om "leiding" te voorkom. Dieselfde is van toepassing op vrae 2,3,5 en 15, so ook vrae 7,10, 11 en 12. Vraag 13 is 'n terloopse vraag.

9 Vraag 6,7, 8 en 14 vir oop vrae en 4, 5 en 11 vir spesifieke vrae.

**Stap 4: Die invul van die vraelyste na afloop van die erediens in elkeen van hierdie drie verskillende gemeentes**

**Stap 5: Die verwerking van al die ingesamelde data.**

**Stap 6: 'n Persoonlike onderhoud met die predikante van elke gemeente om sekere feite te verifieer**

**Stap 7: Die sortering van data en die neerskryf van resultate**

In totaal is 40 vraelyste per gemeente gebruik. Ouderdomsgroeperinge is gevra om te toets of ouderdom 'n rol sou speel by die aanvaarbaarheid van die tekste en 'n oop kanon. Dit is belangrik om te beklemtoon dat hierdie navorsing wou toets of apokriewe tekste die geestelike behoefte van sekere groepe kan aanspreek al dan nie. Die doel was nie om 'n oop kanon te propageer nie maar om te toets of apokriewe tekste tot lidmate kan spreek in moeilike omstandighede. In die eksegetiese proses is onder andere gebruik gemaak van Doran (2012), Schwartz (2008), Nickelsburg (2004) en van Henten (1997).

## ONTLEDING VAN DIE DATA VANUIT DIE ONDERSKEIE HOMOGENE GROEPE MET BETREKKING TOT DIE DRIE BOGENOEMDE ASPEKTE

Die preke is gelewer in drie verskillende homogene Protestante kerke van dieselfde kerkfamilie.[10]

### Aanvaarbaarheid van 2 Makkabeërs 6 en 7

#### Tradisionele blanke gemeente

Vanuit die vraelyste het dit geblyk dat 85,5% van die respondente uit die gemeente baie positief was oor die gebruik van 2 Makkabeërs 6 en 7 vir die prediking. 72% het gevoel dat 2 Makkabeërs 6 en 7 moet deel word van die kanonieke literatuur. 87,5% dink dat die preek ooreengestem het met die tradisionele kanonieke preke. Een van die leraars was baie negatief, veral toe hy verneem het wat die siening van sy eie

10 Dit was die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk.

gemeente is. Sy mening is dat die gemeente ongeletterd en oningelig is.

### Tradisionele kleurling gemeente

Die resultate het getoon dat 85% van die respondente positief was oor die gebruik van 2 Makkabeërs 6 en 7 vir die prediking en dieselfde persentasie is ook van mening dat die preek ooreengestem het met die tradisionele kanonieke preke. 63,5% is van mening dat 2 Makkabeërs 6 en 7 deel van die kanonieke boeke kan wees.

### Tradisionele swart gemeente

90% van die respondente was positief oor die gebruik van 2 Makkabeërs 6 en 7 vir die prediking. 86% het gevoel dat die preek ooreengestem het met die Bybel. 83% het aangetoon dat 2 Makkabeërs 6 en 7 deel van die kanonieke boeke moet wees.

## Die aanvaarbaarheid van 2 Makkabeërs 6:18-7:42

| | **Positief oor die prediking** | **Kan deel vorm van die kanon** | **Stem ooreen met die kanon** |
|---|---|---|---|
| Blank | 85.5% | 72% | 87.5% |
| Kleurling | 85% | 85% | 63.5% |
| Swart | 86% | 83% | 83% |

## Kennis

### Tradisionele blanke gemeente

78% van die respondente uit die gemeente het geweet dat daar nie-Bybelse boeke is. 84% kon nie die naam van enige apokriewe literatuur noem nie. 91% het aangedui dat hulle graag meer wil leer oor die apokriewe literatuur.

### Tradisionele kleurling gemeente

By hierdie gemeente het dit geblyk dat 100% van die respondente geen kennis oor die apokriewe literatuur het nie. Al die deelnemers kon geen name van enige apokriewe literatuur noem nie, en 91% het aangedui dat hulle meer wil leer daaromtrent.

### Tradisionle swart gemeente

58% van die respondente het geweet dat daar apokriewe boeke is, maar niemand kon

enige name van die apokriewe literatuur noem nie. 90% wil meer leer oor die apokriewe boeke.

## Kennis van die apokriewe boeke

| | **Weet van die boeke** | **Kon geen name noem nie** | **Wil meer leer** |
|---|---|---|---|
| Blank | 78% | 84% | 91% |
| Kleurling | 100% | 100% | 91% |
| Swart | 58% | 100% | 90% |

## Toepaslikheid

### Tradisionele blanke gemeente

97% van die respondente het aangedui dat die preek hulle in hulle verskillende situasies aangespreek het. 97% het gevoel dat hulle geloof dikwels getoets word. 94% het aangedui dat apokriewe literatuur waarde kan hê vir die versterking van hulle geloof. 84% het aangedui dat die preek van 2 Makkabeërs 6 & 7 hulle verstaan van die Bybel verbeter het.

### Tradisionele kleurling gemeente

78% van die respondente het aangedui dat die preek hulle in hulle verskillende situasies aangespreek het. 84% het aangedui dat hulle geloof dikwels getoets word. 81% dink dat nie-kanonieke literatuur kan waarde hê vir die versterking van hulle geloof. 91% het aangedui dat die preek hulle begrip van die Bybel verdiep het.

### Tradisionele swart gemeente

86% van die respondente het aangedui dat die preek hulle aangespreek het in hulle verskillende situasies. 93% het aangedui dat hulle geloof dikwels getoets word. 86% het gedink dat nie-kanonieke literatuur kan waarde hê vir die versterking van hulle geloof. 93% het gevoel dat die preek hulle begrip van die Bybel verbeter het.

### Toepaslikheid van 2 Makkabeërs 6:18 - 7:42

| | **Preek het hulle aangespreek** | **Geloof word dikwels getoets** | **Waarde vir hulle geloof** | **Preek het verstaan van Bybel verdiep** |
|---|---|---|---|---|
| Blank | 97% | 97% | 94% | 84% |
| Kleurling | 78% | 84% | 81% | 91% |
| Swart | 86% | 93% | 86% | 93% |

## DIE BEDREIGINGS VIR DIE GELOOF, FIGUURLIK BESKRYF AS “ANTIOCHUS IV EPIFANES”

Dit was interessant om te vind dat elke homogene groep verskillende metaforiese Antiochusse aangedui het wat hulle as ‘n bedreiging vir hulle geloof beskou.

### Tradisionele blanke gemeente

Hierdie groep het verskeie bedreigings vir hulle geloof geïdentifiseer en was die mees uitgesproke oor wat hierdie bedreigings is. Ander gelowe, veral Islam is genoem as vyandig teenoor hulle geloof. Tweedens is sekere regerings/regeerders en hulle praktyke in ‘n negatiewe lig gesien. Sommige gemeentelede het so ver gegaan as om die huidige regering as die anti-Christus te beskryf. Verder is genoem dat die feit dat die Christelike godsdiens sy krag verloor in skole, en dat die begin en die sluiting van die dag met gebed afgeskaf is, ‘n tipiese anti-Christelike verskynsel is. Hierdie groep het ook aangedui dat die massamedia (selfone, internet, en films) ‘n bedreiging vir hulle geloof is.

### Die tradisionele kleurling gemeente

Hierdie groep het hulle eie unieke probleme in hulle gemeenkap wat hulle geloof bedreig. Islam is genoem as ‘n bedreiging, sowel as tradisionele genesers soos sangomas. Satanisme is ook uitgewys as ‘n bedreiging vir hulle geloof. Die ANC as regererende party van Suid-Afrika is uitgewys as anti-Christelik. Tydens ‘n onderhoud het die dominee bevestig dat daar groot bygeloof onder sy gemeentelede is. Hy het selfs gesê dat sommige gemeentelede ‘n gekla hoor oor die leë grafte in die begraafplaas. Volgens hulle roep hierdie leë grafte die liggame van die lewendes.

### Tradisionele swart gemeente

Vir hierdie gemeente was Satanisme die grootste bedreiging vir hulle geloof. Dit is gevolg deur Moslems, charismatiese Christelike groepe en die regering.

## RESULTATE

Na aanleiding van die resultate van die navorsing kan die impak van 2 Makkabeërs 6:18-7:42 op 'n multi-kulturele, Protestantse Suid-Afrikaanse omgewing, soos volg opgesom word:

- 81,5% van die respondente het aangedui dat hulle hierdie teks aanvaarbaar vind.
- 'n Aansienlike persentasie van die respondente het niks geweet oor die apokriewe boeke nie, maar 'n verstommende 90% sal graag meer daaroor wil leer.
- 91% van die respondente het gevoel dat hulle geloof dikwels getoets word. 87% het aangedui dat die preek hulle beslis aangespreek het in hulle situasies. 89% het gevoel dat die preek hulle begrip van die Bybel verdiep het.
- Islam word beskou as 'n bedreiging onder al die verskillende groepe.
- Respondente uit al drie verskillende kultuurgroepe (gemeentes) het die huidige regime in Suid-Afrika as anti-Christelik aangedui.
- Satanisme is 'n probleem in die tradisionele bruin en swart gemeentes, maar nie in die wit gemeente nie.
- Massamedia, films, televisie, en teater is 'n probleem in die wit gemeente, maar nie in die bruin en swart gemeentes nie.
- Ander charismatiese Christelike kerke is deur die swart gemeente as anti-Christelik aangedui.

## GEVOLGTREKKING

Die ondersoek na die ontvangs van die martelaarstekste in 2 Makkabeërs 6:31-7:42 in 'n multi-kulturele, Protestantse Suid-Afrikaanse konteks het interessante resultate gelewer. Hierdie projek is aangepak sonder om werklik te weet wat om te verwag. 'n Paar verrassende resultate het na vore gekom. Dit is duidelik dat daar 'n diep geestelike nood onder Protestante in Suid-Afrika is om sin te maak uit en van die uitdagende omstandighede in die land. Dit het geblyk dat die martelaarstekste van 2

Makkabeërs 6-7:42 sekere van die probleme van die meerderheid van die gemeentelede kan aanspreek. Dit mag dalk die regte tyd wees vir ‘n vars benadering tot die *corpus* van apokriewe boeke.

## Bylaag 1

## Voorbeeld van Vraelys

**Gemeente:**

**Datum:**

**Ouderdom:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ←18 | 19-25 | 26-40 | 41-50 | 51→ |

**Geslag:**

| | |
|---|---|
| M | V |

**Huwelikstatus:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Getroud | Enkellopend | Saamwoon | Geskei | Weduwee/Wewennar |

**Hoogste kwalifikasie:**

1. Het die preek uit 2 Makkabeërs 6-7 jou aangespreek?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Glad nie | Redelik | Weet nie | Baie | Beslis |

2. Het jy geweet dat buite-Bybelse boeke bestaan?

| | |
|---|---|
| Ja | Nee |

3. Wat weet jy van hierdie buite-Bybelse boeke?
4. Dink jy dat buite-Bybelse boeke kan maar gebruik word vir prediking in die kerk?

| | |
|---|---|
| Ja | Nee |

Hoekom?

5. Behalwe 2 Makkabeërs, watter ander buite-Bybelse boeke ken jy?
6. In watter mate voel jy dat die boodskap van 2 Makkabeërs 6-7 ooreenstem met die Bybel wat jy elke dag lees?

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| Bietjie | Redelik | Weet nie | Baie | Beslis |

7. Word jou geloof dikwels op die proef gestel?

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| Nee | Bietjie | Weet nie | Ja | Beslis |

8. Dink jy buite-Bybelse boeke is slegs stories sonder enige waarde?

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| Nee | Dalk | Weet nie | Ja | Beslis |

9. Het die prediking van 2 Makkabeërs 6-7 jou verstaan van die Bybel verdiep?

| Ja | Nee |
|---|---|

Verduidelik:

10. Dink jy daar is in ons tyd Antiochus Epifanusse? Met ander woorde, dink jy daar is mense/organisasies wat jou geloof aanval?

| Ja | Nee |
|---|---|

11. Noem ‘n paar Antiochusse as jou antwoord by 10 Ja is.

12. Na aanleiding van 2 Makkabeërs, sal jy bereid wees om vir jou geloof te sterf?

| Ja | Nee |
|---|---|

13. Dink jy 2 Makkabeërs is beter of slegter as Solly Ozrovech se dagstukkies?

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| Ja | Dalk | Weet nie | Nee | Glad nie |

14. Dink jy 2 Makkabeërs kan maar in die Bybel opgeneem word?

| Ja | Nee |
|---|---|

Hoekom?

15. Wil jy graag meer te wete kom van buite-Bybelse boeke?

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|
| Nee | Onseker | Ja | Beslis |

16. Enige finale opmerkings van jou kant?

Dankie vir jou deelname.

## BIBLIOGRAFIE

Belcher, W L 2009. *Writing your journal article in 12 weeks. A guide to publishing success*. London: SAGE.

Doran, R 2012. *2 Maccabees.* Augsburg: Fortress Press.

Kaiser, O 2004.*The Old Testament Apocrypha: an introduction*. Massachusetts: Peabody, 2004.

Nickelsburg, G W E 2005. *Jewish literature between the Bible and the Mishnah.* Second Edition. Minneapolis: Fortress Press.

Perry, A 2013. "Oscar Pistorius and South Africa's Culture of Violence." *Time,* March 11: 18-25.

Schwartz, D R 2008. *2 Maccabees.* Berlin: Walter de Gruyter.

Van Henten, J W 1997. *The Maccabean martyrs as saviours of the Jewish peolpe.* Leiden: Brill.

Williams, J J 2010. *Maccabean martyr traditions in Paul's theology of atonement: did martyr theology shape Paul's conception of Jesus's death?* Eugene, Oregon: Wipf and Stock.